**MEER OOR NAVORSING BY DIE US**

Die Universiteit Stellenbosch (US) het die visie om as 'n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit op die Afrika-vasteland gevestig te wees deur uitnemendheid na te streef en aan die voorpunt van sy gekose fokusareas te bly, deur nasionale en internasionale aansien op grond van sy navorsingsuitsette, deur relevant te wees tot die behoeftes van die gemeenskap, en deur ondernemend, innoverend en selfvernuwend te wees. Die US is tans een van die top navorsingsgerigte universiteite in Suid-Afrika, soos geïllustreer deur die volgende prestasies:

- Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se amptelike verslag oor die 2015-publikasies (ge-evalueer in 2016) was die geweegde navorsingsuitsette per voltydse US-personeellid (beide publikasies en nagraadse studente) 2.92 en die publikasie-uitset per capita 1.32. Dit maak die US een van die mees navorsingsproduktiewe instellings landwyd.
- Die US se reputasie as wêreldklas-instelling word verder bekragtig deur gereeld op 'n aantal globale ranglyste te verskyn, wat ons in die top 2% van die wêreld se universiteite plaas. In Afrika, word ons onder die top vier gelys. In die jongste Times Higher Education-wêrelduniversiteite-ranglys (2017) is die US in die 401-500ste kategorie in die wêreld ingedeel. Nog 'n betroubare ranglys, die QS-wêrelduniversiteite-ranglys plaas die US op nommer 361 ter wêreld en tweede in Suid-Afrika. In sy CWTS Leiden-ranglys vir 2016, het die Universiteit van Leiden, Stellenbosch op 468 uit die top 500 universiteit wêreldwyd gelys. Op dié ranglys beklee die Universiteit onderskeidelik die derde en vierde plekke in Suid-Afrika en Afrika. Die US se oop-toegang ruimte, SUNScholar, was gelys as nommer een in Afrika in die Julie-uitgawe van *The Ranking Web of World Repositories*.
- Altesaam 882 navorsingskontrakte gelykstaande aan 'n totale monetêre waarde van R1,72 miljard is in 2016 geproseseer. Hierdie bedrag sluit inkomende en uitgaande kontrakte in.
- US-navorsers is betrokke by meer as 80 Europese Unie (EU)-verwante subsidieprojekte. In 2015 het die US byvoorbeeld meer as 36 nuwe voorstelle vir EU-befondsing ingedien – 'n baie mededingende befondsingsprogram wat sterk internasionale navorsingsvennootskappe vereis. Teen die einde van die jaar is nege nuwe goedgekeurde EU-toekennings waarby US-navorsers betrokke is verleen, wat gelykstaande is aan 'n monetêre waarde van ongeveer 1 890 000 euro.
- Die US het een van die hoogste getal wetenskaplikes in die land wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer is (eweknie-evalueringsisteem, gebaseer op die gehalte van navorsingsuitsette vir 'n 8-jaar periode). Teen die einde van 2016 was daar 430 in totaal, insluitende 12 A-gegradeerde navorsers wat as wêreldleiers in hul onderskeie navorsingsvelde beskou word.
- Die Universiteit het 41 navorsingleerstoele. Vier en twintig hiervan is leerstoele van die NNS se Suid-Afrikaanse Navorsingleerstoel-inisiatief (oftewel SARChI) wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds word. Meer as 300 na-doktorale genote is in 2016 by die US gehuisves.
- In 2016 het die US twee nuwe rekords opgestel deur 8339 kwalifikasies te verleen, insluitende 278 doktorsgrade, wat as navorsingsuitsette tel. Ongeveer 47% van ons PhD's is toegeken aan kandidate van voorheen benadeelde swart-, bruin- en Indiërbevolkingsgroepe, 'n toename van 8% sedert 2015. En 31,6% van ons doktorsgrade is toegeken aan kandidate van Afrika-lande buiten Suid-Afrika. Dit bevestig die US se waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van mensekapitaal as 'n nasionale en kontinentale bate.
- Die US het gevestigde-, omvangryke- en veelvlakkige netwerke van internasionale vennote, met meer as 150 bilaterale institusionele akkoorde in 45 lande wat oor ses kontinente strek. In 2016 was die US betrokke by 350 aktiewe projekte met 782 vennote (instellings en individue) in 43 Afrika-lande.